“direk gekoppelde sypeldigte area” ‘n sypeldigte gebied (d.w.s. beboude gebiede en ander sypeldigte oppervlakke) wat regstreeks in stormwaterdreins dreineer sonder om eers in of oor deurdringbare grond te vloei;

“groenterrein” ’n perseel of grond, byvoorbeeld parkgrond, oop ruimte en landbougrond, wat voorheen onontwikkeld was. Ontwikkeling op sodanige grond vereis in die algemeen ‘n verandering in grondgebruik/sonering;

“herhalingsinterval” of **“HI”** die gemiddelde interval in jaar tussen reënval- en oorstromingsvoorvalle wat dieselfde of erger is as ‘n bepaalde hewigheidsgraad;

“herontwikkeling” ook die skep, vervanging of aanbouing/uitbreiding van sypeldigte area en/of strukture op ‘n reeds ontwikkelde terrein;

“niestrukturele maatreëls” beplannings-, institusionele en besoedelingsvoorkomingspraktyke wat ontwerp is om besoedelende stowwe uit stormwaterafloop te hou en/of die volume stormwater wat bestuur moet word te verminder;

“ontwikkeling” enige mensgemaakte verandering aan eiendom, wat insluit, maar nie beperk is nie tot die oprigting of opknapping van geboue of ander strukture, opvulling, plaveiwerk, munisipale dienste, ensovoorts, of die verwante grondvoorbereidingswerk;

"Raad" die munisipaliteit van die Stad Kaapstad;

“retropassing” die proses van aanpassing van stormwaterbestuurtoestelle of -benaderings, of die instel van bykomende of alternatiewe toestelle of benaderings, in ‘n bestaande ontwikkelde gebied ten einde stormwater so goed moontlik te bestuur;

“sensitiewe bestaande watermassa” ‘n waterloop, vleiland of kusgebied wat volgens die Raad uit ‘n ekologiese, maatskaplike en/of ekonomiese perspektief sensitief of belangrik is of geag word;

“stormwater” water uit natuurlike neerslag en/of die opgaring daarvan, wat grondwater en fonteinwater wat gewoonlik deur die stormwaterstelsel afgevoer word, sowel as seewater in ‘n riviermonding insluit, maar wat water in ‘n drink- of afvalwaterverspreidingsnetwerk uitsluit;

“stormwaterstelsel” sowel geboude as natuurlike fasiliteite, wat pype, duikslote en waterlope insluit, hetsy oor of onder openbare of privaat grond, wat vir die bestuur, opgaar, vervoer, tydelike berging, beheer, monitering, behandeling, gebruik en wegvoer van stormwater gebruik of vereis word;

“strukturele maatreëls (kontroles, bestebestuurspraktyke)” permanente, ontwerpte toestelle wat vir die beheer, behandeling of voorkoming van stormwaterbesoedeling en/of die vermindering van die volume stormwater wat bestuur vereis, aangewend word;

“sypeldigte oppervlak” grond waar water nie na die suboppervlak kan deurdring nie, maar deur swaartekrag as bogrondse vloei oor die oppervlak gevoer word. Paaie, parkeerterreine, sypaadjies en dakke is voorbeelde van sypeldigte oppervlakke in stedelike gebiede;

“opvangsgebied” die gebied waaruit enige reënval, deur oppervlakvloei na ‘n gemeenskaplike punt of punte, in ‘n waterloop of vleiland (of deel daarvan) sal dreineer;

“vleiland” grond wat tussen aard- en watersisteme geleë is, en waar die watertafel gewoonlik op of na aan die oppervlak is, of waar die grond van tyd tot tyd met vlak water bedek is, welke grond normaalweg plantegroei (sou) onderhou wat tipies in deurweekte grond gedy. Hierdie omskrywing sluit dus in, maar is nie noodwendig beperk nie tot watermassas soos mere, brak vleie, kusmere, riviermondinge, moerasse, kuile, poele, panne en kunsmatig opgedamde water;

“vloedvlakte” die grond wat aan ‘n waterloop grens en volgens die Raad tot en met die honderdjaar-herhalingsinterval vatbaar is vir oorstroming;

“volhoubare stedelike dreineerstelsels (SUDS)” ‘n vertakking van watersensitiewe stedelike ontwerp wat bepaald op stormwaterbestuur konsentreer;

“voorontwikkeling” voordat enige ontwikkeling op ‘n betrokke eiendom plaasvind;

“waterloop” ‘n rivier, stroom, kanaal, sloot, vlei, vleiland, dam of meer waarin of waarheen water gereeld of met tussenposes vloei. ‘n Verwysing na ‘n waterloop sluit waar van toepassing ook sy bedding en walle in; en

“watersensitiewe stedelike ontwerp (WSUD)” ‘n benadering wat dit ten doel stel om te verseker dat ontwikkeling in stedelike gebiede holisties beplan, ontwerp, gebou en in stand gehou word ten

einde die negatiewe uitwerking op die natuurlike watersiklus te verminder en waterekosisteme te beskerm. Volhoubare watervoorsiening, sanitasie en stormwaterbestuur word alles in die WSSO-benadering vervat.

3 Inleiding

Waterlope en vleilande is ‘n integrerende deel van die stormwaterbestuurstelsel, maak ‘n belangrike onderdeel van die Stad se biodiversiteitsnetwerk uit, en verteenwoordig ‘n noodsaaklike element binne die Stad se stedelike weefsel deur die voorsiening van sowel ontspannings- as ekonomiese geleenthede.

Hierdie beleid ondersteun die doelwitte van die Departement: Paaie en Stormwater wat in die Stad Kaapstad se geïntegreerde-ontwikkelingsplan opgeneem is, naamlik:

- Om die impak van oorstroming op die bestaan van gemeenskappe en streeksekonomieë te verminder

- Om mensegesondheid en natuurlike wateromgewings te beskerm, en ontspanningswatergehalte te verbeter en in stand te hou

Die skadelike uitwerkings van verstedeliking op bestaande watermassas, d.w.s. riviere, strome, vleiland, grondwater en kuswater, is ‘n wêreldwye verskynsel. Sodanige uitwerkings sluit in:

- al hoe swakker watergehalte;
- kwynende grondwateraanvulling en -gehalte;
- agteruitgang van stroomkanale;
- toenemende waloorstroming;
- uitbreiding van vloedvlaktes;
- verlies aan ekosisteem-integriteit en -werking; en
- verlies aan biodiversiteit.

Oor die afgelope 20 jaar is daar wêreldwyd al hoe groter klem op die hantering van die uitwerking van verstedeliking op natuurlike watermassas geplaas, en die riglynbeginsels wat hieruit gespruit het staan as watersensitiewe stedelike ontwerp (WSUD) bekend.

WSUD erken die ontwrigting van die natuurlike watersiklus as die hoofrede vir die agteruitgang van stedelike watermassas. Uit ‘n stormwaterbestuursperspektief is die huidige toedrag van sake die gevolg van ‘n toename in sypeldigte oppervlakke, en die konsentrasie en versnelling van stormwaterafloop deur pyp- en kanaalnetwerke. Natuurlike absorpsie, vermindering en gehalteverbetering van afloop gaan verlore. Volhoubare stedelike dreineerstelsels (SUDS) is ‘n vertakking van WSUD wat bepaald oor stormwaterbestuursmaatreëls handel en so ver moontlik probeer om die natuurlike vloeistelsels in stand te hou of na te boots en die afskeiding van stedelike besoedelende stowwe in bestaande watermassas te voorkom. Hierdie maatreëls, wat as bestebestuurspraktyke (BMPs) bekend staan, word in twee groepe verdeel, naamlik strukturele en niestrukturele kontroles:

> Strukturele kontroles is ontwerpte toestelle wat gebruik word om afloopgehalte en -hoeveelheid te bestuur. Voorbeelde sluit rommelvangers, infiltreertoestelle, bioretensieselle of -komme, vloedvertragingsdamme en geboude vleilande in.
>
> Niestrukturele kontroles is institusionele en besoedelingvoorkomingspraktyke wat ontwerp is om so min moontlik of geen besoedelende stowwe in stormwaterafloop te laat beland en/of die volume stormwater wat bestuur verg te verminder. Niestrukturele kontroles sluit onder andere stadsbeplanningsaansporings, stormwatermeesterplanne, instandhoudingspraktyke vir besoedelingsvoorkoming, en openbare opvoeding in.

‘n Enkele maatreël is selde voldoende vir watergehaltebehandeling, en ‘n ‘behandelingsketting’ is dikwels nodig. Dít is ‘n kombinasie van verskillende metodes wat hetsy opeenvolgend of gelyktydig toegepas word, en gewoonlik voorkomende maatreëls by die bron, ontwikkelingsterreinkontroles én streekskontroles kan insluit, voordat die water na bestaande watermassas afgevoer word.

Oor die afgelope dekade het die Stad Kaapstad ‘n ongekende hoeveelheid ontwikkeling in sowel groenterrein- as ontwikkelde/bruinterreingebiede beleef. Gedagtig aan die bedreigde status van reeds afgetakelde riviere en vleilande, het die Stad se Departement: Paaie en Stormwater gereageer deur ontwikkelingsriglyne in te stel om die uitwerking van ontwikkeling te beperk, naamlik:

- **Beplannings- en ontwerpriglyne vir stormwaterbestuur by nuwe ontwikkelings, wat op 4 September 2002 deur die Stad se portefeuljekomitee oor vervoer, paaie en stormwater aanvaar is**

  In wese moedig hierdie dokument WSUD-beginsels aan. Dit beklemtoon beplannings- en ontwerp-oplossings wat kostedoeltreffend is, volhoubaar is met betrekking tot toekomstige instandhoudingsvereistes, omgewingsensitief is, en binne die bestaande beperkinge steeds maatskaplike sowel as geriefswaarde verhoog.

- **Riglyne vir vloedvlaktebestuur, soos op 19 November 2003 deur die burgemeesterskomitee aanvaar**

  Hierdie dokument bied ‘n raamwerk vir die bestuur van grondgebruik, ontwikkeling en aktiwiteite naby waterlope op ‘n wyse wat moontlike vloedskade beperk en die omgewing beskerm en verbeter.

  Dié riglyne word tans hersien en bygewerk tot ’n beleid getitel “Beleid oor vloedvlakte- en rivierkorridorbestuur”.

- **Konsepbeleid oor die voorsiening van stormwaterdienste in informele gebiede, Maart 2003**

  Hierdie dokument bied ‘n raamwerk vir die lewering van vloedbeheer- en -bestuursdienste aan minstens minimum vlakke in informele gebiede op openbare grond, totdat die nedersettings na volledige dienste opgegradeer of na alternatiewe terreine verskuif word indien die grond nie vir ontwikkeling geskik is nie.

4 Wetgewende raamwerk en mandaat

Grondgebruik, ontwikkeling en verwante aktiwiteite wat deur hierdie beleid geraak word, word ingevolge onderstaande statute en beplanningsraamwerke hanteer.

4.1 Nasionaal

- Wet op Nasionale Bouregulasies & Boustandaarde, 1997 (Wet 103 van 1977)
- Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne (Wet 43 van 1983)
- Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998)
- Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998)
- Rampbestuurwet (Wet 57 van 2002)
- Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit (Wet 10 van 2004)

4.2 Provinsiaal

- Wes-Kaapse Wet op Beplanning & Ontwikkeling (Wet 7 van 1999) (Dié wet sal van toepassing wees wanneer dit in werking tree.)
- Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Ordonnansie 15 van 1985)

4.3 Stad Kaapstad

- Geïntegreerde-ontwikkelingsplan (2007/8 tot 2011/12)

  Onderstaande doelwitte van die Departement: Paaie en Stormwater is in die Stad Kaapstad se geïntegreerde-ontwikkelingsplan opgeneem:

  > Verminder die uitwerking van oorstroming op die bestaan van gemeenskappe en streeksekonomieë
  >
  > Beskerm mensegesondheid en natuurlike wateromgewings, en verbeter en hou ontspanningswatergehalte in stand

- Verordening op Stormwaterbestuur (uitgevaardig in September 2005 – PK 6300), waarmee saam dié beleid gelees en geïnterpreteer moet word.

Voorts is ‘n aantal ander dokumente wat na ontwikkelingsbestuur verwys oor die jare ontwikkel; hierdie beleid is in die algemeen in ooreenstemming daarmee. ‘n Paar van die belangrikste dokumente is:

- *“Greening the City: Open Sapce and Recreation Plan for Cape Town” (1982),* die Stad Kaapstad se plan vir die vergroening van oop en ontspanningsruimtes.
- Die Departement: Paaie en Stormwater se strategie oor opvangsgebied-, stormwater- en rivierbestuur (2002).
- *“Biodiversity Strategy” (2003),* die Biodiversiteitstrategie.
- *“Coastal Zone Strategy” (2003),* die Kussonestrategie.
- *“CMOSS – An Open Space Strategy” (2005)*, CMOSS – ‘n oopruimtestrategie.
- *“Planning for Future Cape Town” (2006)*, ‘n beplanningsraming vir die Kaapstad van die toekoms.

5 Beleidsgronde en -beginsels

Terwyl daar in die algemeen aan die Departement: Paaie en Stormwater se stormwaterriglyne vir nuwe ontwikkelings, bepaald met betrekking tot die beperking van spitsafloop uit sodanige ontwikkelings, voldoen word, is die maatreëls vir die beperking van ander uitwerkings op bestaande watermassas minder suksesvol. Die riglyne skryf nóg voor onder watter omstandighede watergehaltebehandeling en ander BMPs op nuwe ontwikkelings toegepas moet word, nóg spesifiseer dit die parameters en vereiste uitkomste ten einde uitvoerige stadsbeplanning en ontwerp op grond van BMPs moontlik te maak.

Klousule 3 van die Stad se Verordening op Stormwaterbestuur, wat op 30 Augustus 2005 deur die Raad aanvaar is, verbied die afvoer van enigiets buiten stormwater in die stormwaterstelsel (klousule 3), terwyl klousule 4 en 5 oor die beskerming van die stormwaterstelsel (wat skade en die voorkoming van besoedeling insluit) en die voorkoming van vloedgevaar handel. Die verordening stel die Raad voorts daartoe in staat om voorwaardes met betrekking tot hierdie sake op te lê. Hierdie beleid is daarop gemik om die verordening te ondersteun, en die Stad se vermoë te verbeter om maatreëls in te stel en toe te pas wat sal verseker dat die Stad se natuurlike waterbates as deel van die stormwaterstelsel nie verder agteruitgaan nie, en selfs op die lange duur sal verbeter.

‘n Grondliggende beginsel is dat die persoon of liggaam, hetsy ‘n privaat onderneming of ‘n staatsinstelling, wat ‘n ontwikkeling skep, dit verantwoordelik moet doen en moet verseker dat sodanige ontwikkeling nie ‘n nadelige uitwerking op huidige en toekomstige gemeenskappe en natuurlike ekosisteme het nie.

Hierdie beleid is belangrik vir die verwesenliking van die diensuitkomste soos in afdeling 3 hier bo uitgelig. Dit verseker voorts dat die administratiewe optrede met betrekking tot grondgebruikbeplanningsaansoeke wettig, redelik en prosessueel billik is.

6 Beleid

6.1 Beleidstelling

Ten einde die uitwerking van stedelike stormwaterstelsels op bestaande watermassas te verminder, sal alle stormwaterbestuurstelsels ooreenkomstig bestepraktykmaatstawwe en -riglyne soos deur die Raad neergelê, beplan en ontwerp word om WSUD-beginsels en onderstaande bepaalde SUDS-oogmerke te ondersteun:

- Die verbetering van die gehalte van stormwaterafloop
- Die beheer van die hoeveelheid en tempo van stormwaterafloop
- Die ondersteuning van natuurlike grondwateraanvulling

6.2 Beleidsinwerkingstelling

6.2.1 Inwerkingstelling van watersensitiewe stedelike ontwerp beginsels in stormwaterbestuur

WSUD-beginsels sal, deur die toepassing van SUDS, soos volg by stedelike ontwikkeling ingesluit word:

A. Nuwe ontwikkelings

Nuwe ontwikkelings, wat groenterreingebiede sowel as herontwikkeling op bruinterreingebiede, asook bykomende ontwikkeling insluit op ’n perseel wat reeds ontwikkel is, sal beplan en ontwerp word om SUDS in die algemeen ooreenkomstig die Stad se beplannings- en ontwerpriglyne vir stormwaterbestuur by nuwe ontwikkelings, sowel as plaaslike en internasionale beste praktyk in te sluit.

B. Bestaande ontwikkelde gebiede

SUDS sal deur retropassing van toepaslike strukturele BMPs, sowel as deur niestrukturele maatreëls by bestaande ontwikkelde gebiede ingesluit word. Dit sal in die algemeen op grond van behoeftes toegepas word wat die Stad op streeksvlak deur opvangsgebied- en rivierbestuursbeplanning uitwys, sowel as ooreenkomstig stormwatermeesterplanne.

Die mate waarin die verskillende BMPs vir toepassing gekies word, sal van die maatstawwe afhang wat deur die Raad neergelê word en by hierdie beleid aangeheg is.

6.2.2 Maatstawwe vir die bereiking van doelwitte vir volhoubare stedelike dreineerstelsels in verskillende ontwikkelingscenario's (bylae)

Maatstawwe vir die toepassing van SUDS sal aandui:

- waar en onder watter omstandighede WSUD-oogmerke by die ontwerp en beplanning van nuwe ontwikkelings of by bestaande ontwikkelde gebiede ingesluit moet word; en

- in watter mate en met watter teikenvereistes BMPs op die betrokke ontwikkelingsgebied van toepassing is.

In die vasstelling van die maatstawwe, sal die Raad onder andere aandag skenk aan:

- die grootte van die ontwikkelingsterrein;
- die soort ontwikkeling (byvoorbeeld residensieel, industrieel, kommersieel);
- die ligging van die ontwikkelingsterrein;
- die sensitiwiteit, belang, en rehabilitasiepotensiaal van bestaande watermassas;
- bestaande opvangsgebied- en rivierbestuursplanne vir die gebied; en
- bestaande stormwatermeesterplanne vir die gebied.

Die Raad sal die maatstawwe van tyd tot tyd volgens veranderende plaaslike omstandighede en nuwe ontwikkelings op die gebied van WSUD en SUDS hersien. Die maatstawwe word in die bylae by hierdie beleid uiteengesit, en hersienings van die maatstawwe kan sonder heraanvaarding van die hele beleid deur die Raad goedgekeur word.

6.2.3 Goedkeuring van stormwaterbestuurstelsels

Stormwaterbestuurstelsels vir nuwe ontwikkeling wat ingevolge dié beleid beplan en ontwerp is, moet deur die Raad goedgekeur word.

In bepaalde omstandighede sal die Raad vereis dat 'n stormwaterbestuursplan voorgelê word.

6.2.4 Lae-inkomste- en informele-nedersettingsgebiede

BBP's moet by plaaslike omstandighede aangepas word, in besonder in lae-inkomste- en informele-nedersettingsgebiede waar daar dikwels 'n tekort aan grond is, wat behandeling by die oorsprong onprakties maak. Streeksmaatreëls kan vir dié gebiede geskik wees.

6.2.5 Beplanningsproses

<u>Metrowye ruimtelike ontwikkelings raamwerk</u>

Kwessies met betrekking tot water, in besonder bestaande watermassas, moet by die beplanningsproses ingesluit word ten einde volhoubare uitkomste te behaal. Om waterhulpbronne volhoubaar te gebruik, behoort water as 'n bate en teen die agtergrond van die algehele stedelike watersiklus beskou te word. Stormwaterdreinering, voedingstofbestuur, WSUD, die beskerming van waterhulpbronne, waterdoeltreffendheid, en waterherwinning en -hergebruik moet dus deel uitmaak van die holistiese en geïntegreerde beplanning van die Stad. As sodanig behoort voormelde in die metrowye ruimtelike ontwikkelings raamwerk sowel as in ander streeksgerigte ruimtelike beplannings benaderings en -meganismes vervat te word.

Plaaslike beplanning

Opvangsgebied- en rivierbestuursplanne behoort ontwikkel te word ten einde streeks- en plaaslike beplanningsprosesse te rig. Noue skakeling is nodig tussen stormwaterbestuurspraktisyns en plaaslike gebiedsbeplanners in die voorbereiding van stormwatermeesterplanne sowel as in die aanmoediging van WSUD in stedelike onderafdelings.

Opvangsgebiedbestuur-oordekkingsones

Beskermings- en bepaalde bestuursbehoeftes van bestaande watermassas (wat WSUD-vereistes insluit) kan met behulp van opvangsgebiedbestuur-oordekkingsones ingevolge die Raad se voorgestelde geïntegreerde soneringskema aangedui word.

6.2.6 Niestrukturele maatreëls

Niestrukturele maatreëls (byvoorbeeld openbare bewusmaking, opvoedingsprogramme, bedryfs- en instandhoudingspraktyke) sal strukturele ontwerp en beplanningsmaatreëls aanvul.

6.2.7 Integrasie by die omgewing

BBP's behoort stedelike biodiversiteit te ondersteun en die gerief en skoonheid van die ontwikkelingsterrein en die onmiddellike omgewing te verhoog.

6.2.8 Aansporingskemas

Die Raad kan aansporingskemas instel om die aanvaarding van WSUD-maatreëls deur privaat ontwikkelaars en individuele huishoudings, waar van toepassing, aan te moedig en in die hand te werk.

6.2.9 Bedryf en instandhouding

Strukturele BMPs moet ontwerp en ontwikkel word om bedryfs- en instandhoudingsvereistes na te kom én te beperk.

6.2.10 Monitering

Die toepassing van BMPs vir stormwaterbehandeling behoort voortdurend gemoniteer te word, en toepaslike optrede moet volg waar prestasie nie na wense is nie.

6.2.11 Watersensitiewe stedelike ontwerp in privaat ontwikkelings

Die Raad kan daarop aandring dat BMP-maatreëls binne die grense van 'n privaat ontwikkeling opgerig word en bly. Dit is veral van toepassing op privaat enkel-erf-ontwikkelings of privaat omheinde en/of afgesperde kantoorparke, nywerheidsparke, woonstelblokke, groepbehuisingslandgoedere of soortgelyke ontwikkelings waar die infrastruktuur binne die grense van die ontwikkelingsterrein in privaat besit is.

Tensy die Raad anders ooreenkom, sal die verantwoordelikheid vir die bedryf, instandhouding, monitering (sien 6.2.9 en 6.2.10 hierbo) en voortdurende doeltreffende werking van BMPs wat op

sodanige privaat grond geleë is, met inbegrip van die koste daaraan verbonde, by die eiendomseienaar, regspersoon of ander toepaslike regsverteenwoordigende liggaam van sodanige grond berus.

'n Ooreenkoms met dié strekking sal tussen die ontwikkelaar en die Raad aangegaan moet word, of as alternatief by die beheerliggaam/huiseienaarsvereniging se grondwet ingesluit en deur die Raad goedgekeur moet word, voordat oordrag van enige eiendom op die ontwikkelingsterrein mag plaasvind. Sodanige ooreenkoms sal bindend wees vir die eienaar, regsopvolgers, of die betrokke verteenwoordigende liggaam, na gelang van omstandighede. Die ooreenkoms moet onder andere insluit dat moniteringsresultate aan die Raad beskikbaar gestel moet word, en dat die Raad geregtig sal wees daarop om oudits van die fasiliteite uit te voer (wat sy eie monitering en inspeksies kan insluit), en om te vereis dat remediërende maatreels deur die eiendomseienaar geïmplementeer word ingeval enige fasiliteit versuim om te werk soos daar vereis word.

6.2.12 Versoening met ander volhoubaarheidsprogramme

Waar moontlik, behoort SUDS met ander WSUD-programme (soos die vermindering van drinkwatergebruik deur die hergebruik van afvalwaterafloop, reënwater-oesting, stormwaterhergebruik, ensovoorts) sowel as ander breër volhoubaarheidsprogramme gekombineer te word.

7 Bestek en toepassing

Hierdie beleid is van toepassing op enige grondgebruik-, ontwikkelings- of aktiwiteitsvoorstel binne die metropolitaanse gebied van Kaapstad wat in enige waterloop, vleiland of kusgebied dreineer. Dit is voorts bindend vir privaat individue en ondernemings sowel as vir alle staatsinstellings.

Hierdie beleid handel oor die vermindering van die impak van stormwater op bestaande watermassas, en beoog nie om oor alle ander aspekte van stormwaterbestuur, waaronder die beskerming van eiendom en gemeenskapsgesondheid en -veiligheid, te handel nie.

8 Uitkomste

Die toepassing van hierdie beleid in nuwe ontwikkelende sowel as bestaande gebiede sal tot die volgende aanleiding gee:

- Die vermindering van die impak van stormwater uit nuwe ontwikkelings op bestaande watermassas, byvoorbeeld waterlope, vleilande en kuswater.

- Die voorkoming van verdere agteruitgang van bestaande watermassas weens stormwaterdreinering uit bestaande ontwikkelings, sowel as die omkeer op die lange duur van huidige ongewenste stormwaterimpakte.

9 Datum van inwerkingtreding

Tensy anders aangedui, sal die datum van inwerkingtreding vir hierdie beleid die datum wees waarop die beleid deur die Raad aanvaar word.

10 Algemeen

10.1 Statutêre permitte en goedkeurings

Sekere WSUD-ontwikkelings kan onderworpe wees aan goedkeuring deur provinsiale en nasionale staatsdepartemente ingevolge nasionale wetgewing.

Voorbeelde sluit in, maar is nie daartoe beperk nie,

- die berging van water;
- die belemmering of omleiding van watervloei in ‘n waterloop;
- wysiging van die bedding, walle, loop of kenmerke van ‘n waterloop.

10.2 Vrywaring

Nóg die Stad Kaapstad nóg enige Stad-amptenaar sal vir enige skade wat uit die toepassing of navolging van hierdie beleid kan spruit, aanspreeklik wees.

10.3 Kopiereg

BYLAE: MAATSTAWWE VIR DIE INSLUITING VAN VOLHOUBARE STEDELIKE DREINEERSTELSELS (SUDS)

<table>
<tr><th><u>SUDS
DOELWITTE</u></th><th>Groenterreinontwikkelings
en
Bruinterrein en bestaande ontwikkelingsterreine wat in die opvangsgebiede van sensitiewe watermassas geleë is</th><th>Bruinterreine en bestaande ontwikkelingsterreine
>50 000 m^2</th><th>Bruinterreine en bestaande ontwikkelingsterreine
4 000 m^2 – 50 000 m^2

en

totale sypeldigte oppervlakte (bestaande én nuut) >15% van terrein</th><th>Bruinterreine en bestaande ontwikkelingsterreine
<4 000 m^2

en

totale sypeldigte oppervlakte (bestaande én nuut) >600 m²</th></tr>
<tr><td rowspan="3"><u>VERBETER AFLOOPGEHALTE</u>

Verwyder besoedelende stowwe deur kombinasie van vermindering en/of skeiding van sypeldigte gebiede, en die gebruik van BMPs wat stormwaterafloop infiltreer, opvang en behandel</td><td colspan="3">Ontwerpstormvoorval vir watergehaltebehandeling:
½-jaar-HI, 24 h-storm</td><td rowspan="2">Stormwaterbehandeling op die terrein nie vereis nie, maar waar prakties moontlik aangemoedig

Streeksbuiteterreinmaatreëls om die verminderingsteikens te behaal:

SS - 80%-vermindering
TP - 45%-vermindering</td></tr>
<tr><td>Teiken vir verwydering van besoedelende stowwe:

Vermindering van jaarlikse hoeveelheid besoedelende stowwe wat ná ontwikkeling van ontwikkelingsterreine afgevoer word:

Drywende vaste stowwe (“SS”) & totale hoeveelheid fosfor (“TP”) – verminder tot vlakke van onontwikkelde opvangsgebied,
<u>of</u>
SS - 80%-vermindering
TP - 45%-vermindering

na gelang van watter scenario die meeste behandeling verg</td><td>Teiken vir verwydering van besoedelende stowwe:

Vermindering op die perseel van jaarlikse hoeveelheid besoedelende stowwe wat ná ontwikkeling van ontwikkelingsterreine afgevoer word:

SS - 80%-vermindering
TP - 45%-vermindering</td><td>Teiken vir verwydering van besoedelende stowwe:

Kombinasie van maatreëls op die terrein sowel as streeksbuiteterreinmaatreëls om die verminderingsteikens te behaal:

SS - 80%-vermindering
TP - 45%-vermindering</td></tr>
<tr><td colspan="3">Alle ontwikkelings moet rommel, olie, ghries by die bron opvang</td></tr>
</table>

<table>
<tr><th colspan="2"><u>SUDS DOELWITTE</u></th><th>Groenterreinontwikkelings
en
Bruinterrein en bestaande ontwikkelingsterreine wat in die opvangsgebiede van sensitiewe watermassas geleë is</th><th>Bruinterreine en bestaande ontwikkelingsterreine
>50 000 m^2</th><th>Bruinterreine en bestaande ontwikkelingsterreine
4 000 m^2 – 50 000 m^2

en

totale sypeldigte oppervlakte (bestaande én nuut) >15% van terrein</th><th>Bruinterreine en bestaande ontwikkelingsterreine
<4 000 m^2

en

totale sypeldigte oppervlakte (bestaande én nuut) >600 m²</th></tr>
<tr><td rowspan="4"><u>BEHEER AFLOOPHOEVEELHEID EN -TEMPO</u></td><td>Beskerm stabiliteit van kanale stroom af</td><td colspan="2">Uitgebreide 24 h-vloedvertraging vir eenjaar-HI-24 h-stormvoorval</td><td rowspan="3">Kombinasie van maatreëls op die terrein sowel as streeksbuiteterreinmaatreëls om aan die vereistes vir ontwikkelingsterreine van >50 000 m^2 te voldoen</td><td rowspan="4">Afloopbeheermaatreëls op die terrein nie vereis nie, maar waar prakties moontlik aangemoedig

Streeksbuiteterreinmaatreëls vir afloopbestuur om aan die vereistes vir ontwikkelingsterreine van >50 000 m^2 te voldoen</td></tr>
<tr><td>Beskerm eiendomme stroom af teen betreklik gereelde, hinderlike oorstromings</td><td colspan="2">Vermindering van tot en met 10 jaar-HI-spitsvloei tot voorontwikkelingsvlak</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Beskerm vloedvlakte-ontwikkelings en vloedvlaktes teen negatiewe impakte van uiterste vloede</td><td colspan="2">Vermindering van tot en met 50 jaar-HI-spitsvloei tot bestaande ontwikkelingsvlakke.
Evalueer die uitwerking van die 100 jaar-HI-stormvoorval op die stormwaterbestuurstelsel, aanliggende eiendom en fasiliteite en eiendom stroom af. Bestuur die uitwerking deur vloedvertragingskontroles en/of vloedvlaktebestuur</td></tr>
<tr><td colspan="3">Ontwikkelings aanliggend aan vloedvlaktes moet aan die vereistes van die beleid oor vloedvlakte- en rivierkorridorbestuur voldoen</td></tr>
<tr><td colspan="2"><u>MOEDIG NATUURLIKE GRONDWATERAANVULLING AAN</u></td><td colspan="4">Waar toepaslik, moet terreinspesifieke vereistes in oorleg met die Raad oorweeg word</td></tr>
</table>

NOTAS:

1. Die Raad lê bykomende vereistes op waar dit van mening is dat bepaalde besoedelingsbedreigings met betrekking tot die aard van die nuwe ontwikkeling kan ontstaan, of waar dit deur bepaalde opvangsgebied- of watermassa-omstandighede geregverdig word.

2. Stormwaterafloopgehalte en -hoeveelheid kan beheer word deur die vermindering van direk gekoppelde sypeldigte gebiede, en/of maatreëls vervat in die Raad se Beplannings- en Ontwerpriglyne vir Stormwaterbestuur by Nuwe Ontwikkelings, weergawe 1.0 van Julie 2002, soos gewysig, en/of ander goedgekeurde metodes. Alle maatreëls (BMPs) moet beoordeel en ontwerp word om aan die aangewese standaarde aan die hand van bestepraktykmetodes, -parameters en -aannames, soos deur die Raad goedgekeur, te voldoen.

3. Maatreëls op die terrein verwys na maatreëls binne die ontwikkelingsterrein in sy geheel, maar kan maatreëls op elke onderverdeelde eenheid daarvan insluit. In die algemeen sal ‘n behandelingsketting vereis word wat uit ‘n kombinasie van kleiner BMPs hoër op in die ontwikkeling tot groter damtipe maatreëls by die afvoerpunt laer af in die ontwikkeling kan bestaan.

4. In sekere gebiede kan verskillende vereistes ingevolge ‘n Raadsgoedgekeurde streekstormwatermeesterplan geld. Die Raad kan na goeddunke bepaal watter vereistes van toepassing sal wees.

5. Vir formele, lae-inkomste-, staatgesubsidieerde behuising kan vereistes vir behandeling op die terrein en/of spitsafloopvermindering ingekort word waar ‘n streekstormwatermeesterplan bestaan en vir streeksmaatreëls voorsiening maak om besoedeling en spitsafloop te verminder. Parke en ander openbare oop ruimtes van sodanige behuisingskemas behoort egter, waar uitvoerbaar, oor sodanige maatreëls op die terrein te beskik.

6. Vir informele-nedersettingsgebiede behoort stormwaterbestuursmaatreëls ooreenkomstig die Stad se Konsepbeleid oor die Voorsiening van Stormwaterdienste in Informele Gebiede, weergawe 1, konsep 2, van Maart 2003, soos gewysig, toegepas te word.

7. BMPs behoort stedelike biodiversiteit te ondersteun en die geriefs- en skoonheidswaarde van die terrein en die onmiddellike omgewing te verhoog.

8. Definisies: TP = totale fosfor; SS = drywende vaste stowwe; “ontwerpstorm” die reënvalstorm wat gebruik word om die grootte van die behandelingsfasiliteit te bepaal; HI = herhalingsinterval – die gemiddelde interval in jare tussen reënval- of vloedvoorvalle wat gelyk staan met ’n spesifieke hewigheidsgraad of dit oorskry.